
DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS [5]

No. E269

1.3

EK GLO IN GOD DIE ALMAGTIGE

Die feit van God se almag word alreeds duidelik in Sy name gesuggereer. Dit herinner ons daaraan dat ons ten volle met Sy mag moet rekening hou as ons Hom enigsins wil ken.

- Die mees basiese Godsnaam is "El". Dis afgelei van die stam "om sterk te wees" (217 keer in die Ou Testament gebruik vir die ware God). Hoewel dit vertaal word met "God", beteken dit eintlik dus iets soos "die Magtige".

- Die basiese Godsnaam word dikwels verintensifeer in name soos "El Gibor": "Magtige God" (Jes 9:5) en "El Shaddai": "God die almagtige".

- Hierdie Godsname is nie beperk tot die Bybel nie; dit is algemeen gebruik deur die Semitiese volkere van destyds. Dit onderstreep die feit dat God se almag duidelik waarneembaar is in die algemene openbaring, die skepping. Rm 1:20 stel dit so: "Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is ...".

- In Mk 14:62 word gewoon na God verwys met die Griekse woord vir *krag* (*dunamis*): "...julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van (*Hom wat magtig is = dunamis*) ...".

- *Die almag van God is daardie vermoë en krag wat Hy het om enigiets te bereik wat Hy ook al wil - wat Sy wysheid mag voorskryf, wat Sy liefde mag begeer,*

en wat Hy in Sy heiligheid mag nodig ag.

- God se krag kan nie beperk word deur enige mag buite Homself nie. Alles in die heelal is tot Sy beskikking en Hy kan daarmee doen wat Hy wil. As Skepper van alle ander kragte - ook natuurkragte - hou Hy elkeen daarvan in Sy hand; is elkeen daarvan algeheel afhanklik van Hom; en kan geeneen daarvan Hom enigsins bedreig of selfs net inperk nie.

Drie kwalifikasies

Sonder om enigsins afbreuk te doen aan God se almag, moet mens in jou verstaan daarvan rekening hou met bepaalde onderneminge wat Hy daarvoor in Sy Woord aan ons gee. Hierdie kwalifikasies - wat van Homself kom - verseker ons dat Sy almag nie onbeheers, impulsief en arbitrêr uitgeoefen word nie.

1. God se almag word altyd in volle harmonie met Sy ganse Persoon uitgeoefen - in pas met al Sy ander attribute.

God se optrede en aanwending van Sy almag word nie bepaal deur eksterne omstandighede nie, maar volledig deur Homself - deur wie en wat Hy in Homself is. Dit beteken dat God se almag nooit strydig met Sy liefde, heiligheid, wysheid, of enige ander karaktertrek optree nie.

- Hoëskoolkinders "worstel" soms met die vir hulle diepsinnige filosofiese vraag of "God 'n klip kan maak wat Hy self nie kan optel nie." Die antwoord is eenvoudig: "Nee, God kan nie so 'n klip maak nie!" Waarom nie? Omdat Sy ander attribute, in die besonder Sy wysheid, Hom daarvan sal weerhou om soiets onsinnigs te doen. Hy sal nooit so iets *wil* doen nie. En onthou steeds, Sy almag is onbeperk. Wat kan ooit vir Hom te moeilik wees?

Dit hoef ons egter nie te kwel as ons sê dat daar sekere dinge is wat God nie kan doen nie. Die Woord maak self sulke uitsprake. 2Tm 2:13 sê "Hy kan Homself nie verloën nie". En Hb 6:18 sê dat dit onmoontlik is vir God om te lieg (OAV). Hierdie dinge

- en 'n duisend ander - sou volkome teen die grein van Sy karakter indruis.

2. God se almag word altyd aangewend in volle harmonie met die verbond tussen ons en Hom.

In die heidennasies se persepsie tree hulle gode onverklaarbaar en onvoorspelbaar op. Hulle leef dus in voortdurende vrees, onseker oor watter irrasionele uitbarstings volgende van hulle iesegrimmige gode te wagte kan wees.

Só is Israel se God nie! Sy verhouding met Sy volk is stabiel en vloei in duidelik uitgespelde kanale. Selfs vir die ongelowiges sê Hy vooraf wat hulle van Hom te wagte kan wees. Niemand sal eendag, as God se almag in toorn oor hierdie wêreld losbars, kan kla dat dit onderduims en onregverdig is nie. Selfs van diegene wat nooit 'n Bybel onder oë gehad het nie, sê die apostel dat hulle genoegsame waarskuwing in die algemene openbaring - oftewel die skepping - ontvang het (Rm 1:20vv).

- Die effekte van hierdie kwalifikasie is byvoorbeeld glashelder duidelik in die natuur. Na die sondvloed sluit God 'n verbond met die mens - 'n verbond wat in die besonder ook te doen het met ons woonplek, hierdie aarde (Gn 8:21; 9:9-17). Onder meer hou dit in dat God onderneem: "So lank as die aarde bly bestaan, sal saaiyd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie" (Gn 8:22). Wie kan twyfel dat God se almag agter die voortgaande funksionering van die natuur sit? En wie kan dit bevraagteken dat die kom en gaan van die seisoene 'n wonderlik voorspelbare, stabiele en vrugbare omgewing vir ons skep?

- Die konsekwente orde waarmee God se almag funksioneer, word ewe duidelik in die genadeverbond waargeneem. Wat die Here vir Sy volk wil wees, en wat Hy van hulle verwag, is in besonderhede op skrif. En elke ingeligte sal weet dat die Here tot vandag toe met puntenerige konsekwentheid en noukeurigheid daarvolgens handel wanneer Hy Sy mense red en hulle daarna verder vat. Dit bly eenvoudig

verstommend hoe ons kan identifiseer met die biografieë van gelowiges wat honderde jare gelede geleef het - ongeag van hulle kultuur of omstandighede. Dis omdat die Here volgens dieselfde beginsels met elkeen van ons werk.

3. God se almag doen geen geweld aan die mens se verantwoordelikheid en betrokkenheid by sy eie redding nie.

As Skepper is God die oorsprong van alle krag. Daar bestaan dus ook ander kragte - weliswaar deur Hóm voortgebring - wat nie onafhanklik van Hom is nie, maar wel onderskeie van Hom. En die uitoefening van God se mag geskied só dat dit nie die vryheid van hierdie kragte ophef nie.

Prakties beteken dit dat God verreweg die meeste dinge wat Hy in hierdie wêreld doen, deur sekondêre oorsake doen - Hy werk *middellik*. En selfs wanneer Hy direk werk, sal Hy nie die "natuurlike vryheid" en wil van mense geweld aandoen nie, maar hulle steeds as "vrye agente" respekteer.

Praktiese implikasies van hierdie drie kwalifikasies

- In hierdie genoemde kwalifikasies sit wonderlike sekuriteit vir ons. So lank as ons die Here binne die grense daarvan behaag, het ons niks te vrees van Sy almag nie. Trouens, dan kan ons verseker wees dat dit aangewend sal word in ons belang soos Hy belowe het. En dit beteken dat niks ons in die absolute sin van die woord kan bedreig nie. As God vir ons is, wie of wat kan teen ons wees?

- Wonderlikste van alles, is dat ons in die verbond die versekering het dat God se krag nooit destruktief en vernietigend op ons gerig sal word nie, intendeel. Dit is *vir* ons, nie *teen* ons nie.

Maar laat ons nooit ophou om dit te beklemtoon nie - dit geld vir diegene in Christus, dus vir ware gelowiges. Dis in Hóm dat God se beloftes ja en amen is (2Kor 1:20).

- Laat ons die derde kwalifikasie hierbo stewig vashou, naamlik dat God se almag geen geweld aan die mens se verantwoordelikheid en betrokkenheid by sy eie redding doen nie. Al is God onbeskryflik magtig, verdoem Hy nooit mense strydig met hulle eie keuses en lewenswyse nie. En Hy red nooit iemand teen sy eie wil nie. As ons dit misken, dompel dit ons volledig in fatalisme in.

Wat natuurlik wel waar is, is dat God in ons "werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Fl 2:13, OAV). Dit impliseer dat almal wat gered word, aanvanklik gered wóú word ('n begeerte wat deur die Gees in mens gewerk word), en daarna inderdaad, al is dit gebrekkig - soos dit die geval is met almal van ons - volgens God se wil en welbehae leef. Of anders gestel, daar is niemand wat teen sy wil gered word nie. En ewemin is daar 'n lewenslange ongehoorsame wat gered word.

□ Laat ons altyd onthou, ons lewe in 'n regte wêreld van natuurkragte en -wette. Sekerlik kan God dit ter wille van Sy eer ophef - en Hy doen dit soms. Maar dis die absolute uitsondering. Al is ons God se herskepte kinders, leef ons steeds in 'n gebroke wêreld.

God se almag in ons redding

- Vir Paulus was die almag van God een van die wonderlikste dinge - spesifiek omdat die Here so oor en oor belowe om dit in ons, Sy kinders, se belang aan te wend. Weer en weer het hy daarvoor gepeins. Weer en weer het hy hom daarin verheug. Weer en weer het hy daarvolgens gelewe.

Luister hoe sluit hy sy roerende gebed in Ef 3 af: "En aan Hom *wat mag het om te doen* ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlijkheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen." (20, 21 OAV).

- Kyk mens goed na hierdie lofuiting, sien jy dat die apostel sy beskrywing van God se almag in 7 vlakke op mekaar stapel:

Dit wat God vir ons wil doen -

1. dit kan Hy (Hy het die mag);
2. daarom kan Hy alles doen wat ons bid;
3. selfs die dinge wat ons nie moed het om te vra nie, maar net oor dink;
4. Hy kan dit alles doen (Gr. *panta*);
5. en Hy kan meer as dit doen (Gr. *huper*);
6. selfs meer oovloedig (Gr. *ekperissos*);
7. ver meer oovloedig (Gr. *huperekperissou*).

- Terwyl God sekerlik Homself daarvan kan weerhou om sekere dinge wat Hy in die verlede gedoen het weer te doen, is dit onverantwoordelik en dwaas om te sê dat God nie meer vandag wonderwerke kan of wil of sal doen nie - soos mens soms in hiper-konserwatiewe kringe hoor. Dit is so dat daar in al die eeue van Bybelse geskiedenis eintlik net 3 seisoene van wonderwerke was (Moses en die eksodus-gebeure; Elia en Elisa; Jesus en die vroeë kerk). Maar ék het nie die gesag om te sê dat God nie nog weer 'n keer so kan werk nie. Per slot van rekening bly Hy Wie Hy nog altyd was. Maar, let op, ek praat nie van die voorbarige en leuenagtige aansprake wat mens vandag so dikwels hoor nie!

- In elk geval, nog altyd was God - ook in ons tyd! - almagtig en 'n hoorder van gebed. Geen gebed is vir Hom te moeilik om te verhoor nie. Geen nood is vir Hom te groot om reg te stel nie. Geen vleeslike begeerte is vir Hom te sterk om te onderdruk, of wortel en tak uit te roei nie. Geen versoeking waarmee ek worstel is vir Hom te kragtig om te oorkom nie. Geen ellende is vir Hom te diep om uit te verlos nie.

Prys die Here! Ons dien 'n almagtige God!

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelijdenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels ge-epos aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906